# Hoërskool Riebeeckrand

Die 10 ✓10 skool

## VOORKOMS VAN LEERDERS

**1. Hare van die seuns**

1.1. Hare moet te alle tye skoon en netjies wees.

1.2 Die seuns moet aan die volgende voorskrifte vir hulle haarstyle voldoen:
Wanneer die hare afgekam word:
- (a) mag die kante nie oor die ore hang nie;
- (b) moet die kuif nie die wenkbroue raak nie;
- (c) moet die hare agter nie dikker as twee vingerbreedtes wees nie en bo nie langer as 3cm nie;
- (d) mag die hare nie aan die kraag raak nie / nie langer as die haarlyn wees nie;
- (e) Indien 'n paadjie ingesny word, moet dit reguit wees – geen patrone of draaie;
- (f) Vir geen styl mag die hare langs die kante van die kop korter as 'n nr. 2 geskeer word nie;
- (g) Die oorgang van die boonste na die onderste hare moet geleidelik wees.
- (h) Geen gel wat die hare hard maak mag gebruik word nie. Ander produkte wat die hare sag hou en natuurlik laat lyk, is aanvaarbaar.

1.3 Wangbaarde moet nie laer as die middeloor gedra word nie en moet kort gesny wees.

1.4 Geen "vreemde" of onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie, bv. mohawk mullet, step, geveerde haarstyle in die gesig, comb over, weggeskeerde hare langs die kante van die kop en patrone in die hare geskeer nie.

1.5 Hare mag nie in onnatuurlike kleure gekleur word of nie, bv. pers/blou/pienk, ens. Dit geld ook vir strepies in die hare.

1.6 Hare mag nie in die nek 'n stertjie vorm nie en moet nie 'n wal of verdikking hê nie. Hare mag nie vasgemaak word nie.

1.7 Geen eksamen, kompetisie, funksie of opvoering [binne of buite skoolverband] word as verskoning aanvaar om hare te laat groei, of om skooldragreëls te oortree nie. 'n Vergunning word aan gr.12's gegee om een maand voor die matriekafskeid hul hare te laat groei.

1.8 Gel of mousse mag slegs gebruik word indien hare korter as 2cm is. Geen was/wax mag gebruik word nie (wet look).

1.9 Hare mag nie 'n gepluisde voorkoms hê nie.

1.10 Geen deurmekaar hare ["out of bed"] mag gedra word nie.

1.11 Indien die hare gevleg word (braids), moet dit teen die kop vas gevleg word en geen stertjie of bollas vorm nie.

1.12 Mans bollas en "dread locks" word nie toegelaat nie.

**2. Hare van die meisies**

2.1 Hare moet altyd skoon en netjies wees.

2.2 'n Paslike styl vir 'n skooldogter wat 'n uniform dra. Geen vreemde of onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie. Bv. hare wegskeer aan die kant. Geen paadjies mag ingeskeer word nie.

2.3 Lengte van hare:
- 2.3.1 Indien 'n dogter regop staan, mag die hare aan die onderkant van die kraag raak.
- 2.3.2 Hare wat langer is, moet behoorlik vasgemaak word.

2.4 Haarvasmaakmiddels moet in die skoolkleur wees (wit, blou, oranje, swart, bruin.) Slegs rekkies, knippies, linte, rekbande en Alice bands. Ook geen versierde haarvasmaakmiddels, bv. met blommetjies, glitters ens. Haarbande mag nie dikker as 5cm wees nie..

2.5 Dogters wat "braids" dra, mag enkele kraletjies invleg, maar net in een kleur en moet vasgemaak word as dit langer as die hemp se kraag is.

2.6 Hare mag nie in onnatuurlike kleure gekleur word of nie, bv. pers/blou/pienk, maroon ens. Dit geld ook vir strepies in die hare.

2.7 Geen drastiese kleurverandering soos bv. swart na blond of blond na rooi. Ook geen twee-kleur haarstyle nie ("top-deck").

2.8 Geen kuif mag aan die wenkbroue raak nie.

2.9 Geen oormatige jel of mousse mag gebruik word nie, of enige middel wat 'n nat of gepluisde voorkoms verleen nie. Geen was/wax mag gebruik word nie (wet look).

2.10 Gekartelde hare moet drooggeblaas word en nie ongekam gelaat word nie.
2.11 Hare mag nie ‘n gepluisde voorkoms hê nie.
2.12 Hare mag nie sò gedra word dat dit die sig van leerders agter die dogter in die klas belemmer nie. Geen slierte mag in die gesig hang nie.
2.13 Hare moet vas wees wanneer dit langer as die onderkant van ‘n kraag is. Bob haarstyle is aanvaarbaar maar mag nie in gesig hang nie.
2.14 Bovermelde reëls geld ook wanneer skippieklere/sportklere aangetrek word.
2.15 Hare mag nie kaal geskeer wees slegs aan die een kant van die kop nie
2.16 As hare “gebraid” is, moet dit vasgemaak wees.
2.17 Wanneer hare “gebraid” is, moet dit tot in die neklyn wees. Braids mag nie voor oor of langs die gesig hang of oor die skouers nie.

**3. Naels van meisies**

3.1 Naels moet kort en skoon wees.
3.2 Naels mag nie by vingerpunte verby steek nie.
3.3 Slegs kleurlose naellak mag gebruik word – nie “nude”nie. Ook geen gel of akriel op die naels nie.

**4 Juwele - meisies**

4.1 Horlosies - konvensioneel, geen kostuum bv. “charm bracelet” ensovoorts, nie.
4.2 Slegs een paar oorringetjies (een aan elke oor), met ‘n maksimum deursnit van 1cm (slegs goud of silwer) in die onderste gaatjie.
4.3 Slegs een paar goue of silwer oorknopies (studs) met ‘n deursnit van 3mm. Pêrels (3 mm) en klein wit steentjies (3 mm) word toegelaat.
4.4 Geen armbande of kettinkies, van watter aard ook al, word toegelaat nie. Slegs Medic-Alert bandjies/kettinkies mag gedra word. Geen ander bandjies mag gedra word nie. Godsdienstige bandjies mag slegs gedra word met uitsonderlike toestemming van die hoof of beheerliggaam. Dit moet dan onsigbaar wees. Geen oorfone in die ore of sigbaar om die nek, ens. nie.
4.5 Slegs een seëlring.
4.6 **LET WEL:** Verbode juweliersware word gekonfiskeer en tot aan die einde **van die kwartaal** in die skool se kluis bewaar.
4.7 Slegs lapelwapens/speldjies van die skool of aktiwiteite van die skool, mag gedra word. Slegs speldjies wat vir die huidige jaar geldig is, mag gedra word, bv. Gr.9-raad
4.8 Geen sigbare “body piercings” bv. neusringe, wenkbrouringe, tongringe, naeltjieringe, toonringe en oorbelle in boonste oorskulp word toegelaat nie. Geen vreemde voorwerpe mag in bogenoemde gaatjies geplaas word om dit oop te hou nie, bv. vislyn.
4.9 Leerders mag nie sigbare tatoëermerke hê nie.

**5. Juwele - seuns**

5.1 Geen kettings, ringe, armbande of oorbelle (plastiek, rekkies of leer) mag gedra word nie. Slegs Medic-Alert bandjies/kettinkies mag gedra word. Godsdienstige bandjies mag slegs gedra word met uitsonderlike toestemming van die hoof of Beheerliggaam. Dit moet dan onsigbaar wees.
5.2 Slegs lapelwapens/speldjies van die skool of aktiwiteite van die skool, mag gedra word. Speldjies mag slegs gedra word wat vir die huidige jaar van toepassing is, bv Gr. 9-raad.
5.3 **LET WEL:** Verbode juweliersware word gekonfiskeer en tot aan die einde **van die kwartaal** in die skool se kluis bewaar.
5.4 Geen sigbare “body piercings” bv. neusringe, wenkbrouringe, tongringe, naeltjieringe, toonringe en oorbelle in boonste oorskulp word toegelaat nie. Geen vreemde voorwerpe mag in bogenoemde gaatjies geplaas word om dit oop te hou nie, bv. vislyn.
5.6 Leerders mag nie sigbare tatoëermerke hê nie.
5.7 Leerders **moet te alle tye geskeer wees**.

**6. Grimering - meisies**

6.1 Onderlaag mag liggies aangewend word slegs indien dit natuurlik lyk en slegs in die geval van ‘n slegte vel – baie dun aangewend. Onderlaag moet dieselfde kleur wees as die velkleur.
6.2 Geen grimering soos oogpotlood, maskara, ensovoorts word toegelaat nie.

**7. Grimering - seuns**

7.1 Geen grimering word toegelaat nie.

**8. Godsdienstige tekens**

Die dra van godsdienstige tekens mag slegs toegelaat word met toestemming van die hoof of die beheerliggaam, nadat ‘n skriftelike versoek ingedien is, met n’n motvering. ‘n Brief van die godsdienstige leier ter verduideliking is ook ‘n vereiste.

9. **Oorfone**

9.1 Geen oorfone om die nek of in die ore nie.

9.2 Oorfone en enige ander elektroniese toestelle sal afgeneem word en gehou word tot die einde van die kwartaal.